Tydskrif vir Letterkunde

Mei 1972
IX:2

Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/tydskrifvirletteo0uns_131

Tydskrif vir Letterkunde

Redakteur: Coenie Rudolph

Skakelredaksie:

J.J. Brits - W.A. de Klerk - André Demedts
B. le Roux - Joan Lötter - Koos Meij
Eben Meiring - Mie-jeanne Moelaert - P.J. Nienaber
Z.J. Pretorius - P.D. v.d. Walt - M.M. Walters

REDAKSIE-ADRES:

Die Redakteur, Wenningstraat 24, Groenkloof, Pretoria.
L.W. Ongebruikte kopie kan slegs teruggestuur word
as medewerkers 'n gefrankeerde koevert ingesluit het.

ADMINISTRATIEWE ADRES:

(vir intekening, sirkulasie en advertensie)
Tydskrif vir Letterkunde, Posbus 1758, Pretoria.

R3 per jaar.
Los nommers: 75 sent per eksemplaar.
L.W. Skole word vriendelik versoek om direk by bg.
adres in te teken.
Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik
gemaak deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring

wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word,
is nie noodwendig ook menings van die redaksie of
van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

Gedruk deur Perskor, Doornfontein, Johannesburg. — F9685

Inhoud

Elsabe Steenberg	Pers Olifant, 1
A. Kloppers	Hiaat I en II, 6
Peter Horn	Paul Celan (1920-1970) 11
N. A. Liebenberg	Naakte man, 16
Roger Peters	Alleen op de brug, 21
Louis Malan	Koeplette, 25
Greta Sauerman	Vrou aan die Hiddekel, 26
Johannes du Bruyn	Skoonskrif, 30
Roy Niemann	Drie Herfsgedigte, 35
Julia Weigel	As jy nie kom nie, 37
Wessel Pretorius	O, ons sal jou vang . . . 38
Sarel Smit	Jakkals van Japan, 39
Frans Pointl	Gedigte, 40
Gerrit Fourie	Lanseloet, 44
Marie Viljoen	Gedigte, 46
Dirk van Niekerk	Donker, 49
Casper Schmidt	Ballade van die Oorweldiging, 52
Aletta Lubbe	Dood (gewoon), 54
Pieter van Vuuren	Tuis, 56
A. J. J. Visser	Besoeker aan die oorlogsmuseum, 57
Fanus Bothma	Impasse, 58
	Mededelinge van die Redaksie, 59

BUITEBLAD: Kongresflitse

(Foto: Caru)

Die buiteblad is moontlik gemaak deur
die vriendelike ondersteuning van
TAFELBERG-UITGEWERS, KAAPSTAD.

Elsabe Steenberg

Lagduif

Die ronde roepgeluide van die lagduif laat Renate meteens buitentoe hardloop en skreeu: „Bly stil!" Sy skreeu: „Hoekom vrék jy nie! Gaan dood!" Dóód, ja, laat alles sterf en verskriklik wit word soos dié deel van haar wat gesterf het! „Hoor jy nie? Stil!" Die lagduif bly stil. Sy leun hygend teen die hokkie waarin hy sit — sy maat is dood, die ander paartjie wat Nelis gehad het ook, nou is dit net hy — en kyk na die bewing van haar hande.

Toe begin hy weer: roep-roep-roep. Koggel haar. Lag haar uit: jý wat jou kind laat wegvat het! Jy wou mos, nè? Nou sit jy met die wit sterfte van elke uur, nou pluk jy wanhopig aan die dae wat klewerig aan jou vassit. Dis nou weer net jý, net jý. Jou liggaam is leeg.

„Ek het nie geweet nie!" sê sy woedend. „Ek het nie geweet nie, hoor jy dan nie! „Hoe kon ek?" En selfs as sy kón geweet het: sou sy die kind wel behou het, liewer as om nou dié hel deur te maak? Sou sy die ander hel eerder gekies het: maande se onsekere wag op die geboorte van 'n kind wat dalk nie normaal is nie? Liewer dit? Liewer?

In die hospitaal in die stad waar die dokter die aborsie uitgevoer het, het niemand haar geken nie. Maar daar was 'n dominee; op die een of ander wyse het hy uitgevind waarom sy daar is. Hy het kom sê: „Hoe kon u? Lewe is tog heilig — en u is geen God om te bepaal wat moet sterf en wat moet lewe nie?"

Sy het na hom lê en kyk, geen woord gesê nie. Wat wou hy ook eintlik hoor, terwyl hy met saamgevoude hande sit en wag: ekskuus tog, dominee, dat ek u geaffronteer het? Ekskuus tog dat ek probeer God-God speel het? Ag liewe dominee, liewe somber swart-en-wit-dominee, gee my van jou onverwikkelde sekerheid en verlos my van my eie skreeuende vrae en raaisels!

Die duif, die duif! "Bly stil, hou op lag! Vroeër was jou geroep tog anders helderder, suiwerder?" Vroeër was sy swanger. Na agt jaar weer swanger, en verskriklik bly daaroor. Die dae was seepbelle, ligroos getint. Die weke het groot en vol oor haar gegaan pienk bolle wol, sag,

ság. Tien ligte, ronde weke. Dit moes 'n dogter wees sy het so lank om een gebid. 'n Vrou moet tog 'n dogter ook hê, nie net 'n seun nie.

'n Seun. Nelis. Sproetgesiggie wat rooi word van uitslag; swelsels by die ore. Duitse masels. „En nou is jý ook bont, Mamma, kyk! Kyk net jou arms, hulle is bont!" En hy lag vol plesier, lag met ronde geluide oor hy Duitse masels gekry het.

Sy het gedink sy hét dit al gehad toe sy kind was. Haar ma het immers so gesê! Miskien was dit dan iets anders, of het sy dit eenvoudig wéér gekry, hoe sal 'n mens weet? „Skade?" het haar dokter gesê, toe sy dringend gaan vra, „skade by die foetus? Ja . . . wel, die kans is ongelukkig nogal groot. U moet nou maar hoop en glo . . ." Sy kon nie hoop en glo nie. „'n Aborsie? Ja, ek weet baie dokters beskou Duitse masels as 'n geldige rede vir so iets. Hulle kom by die wet verby, heeltemal maklik want die wet is ietwat vaag op dié punt. Maar ek het nog nooit so iets gedoen nie, mevrou. Wag nou maar, hoop en . . ."

Sy is stad toe. 'n Dokter dáár was gewillig om haar te help. „Natuurlik is dit beter om die foetus te verwyder," het hy gesê, „natuurlik! Daar is genoeg mismaakte kinders in die wêreld, genoeg ongeluk! Moenie bekommerd wees nie, dis alles gou verby. En dit ís gewettig, glo my."

Glo.

In wat?

Sy het skaars sleg gevoel toe die operasie gedoen is. Net leeg, ontredderd, met 'n kreet wat by haar seer keel nie kon verby kom nie: *ek wil my kind hê!* „Dis nou verby," het Jan-Bert gesê toe hy haar kom besoek. Hy was rustig, soos toe hulle besluit het om die kind te laat wegneem. „Ek wil my kind hê!" het sy vir hom gesê, woedend, asof dit alles sý skuld was.

Die lagduif roep: drie-drie-drie. Dit sou nou drie maande gewees het. Een van die dae sou sy begin lewe voel het. Hy lag: drie-drie-drieë. Hy koggel: leef-leef-lewe!

Sy pluk die hekkie oop. „Lós jy my kind, hoor jy? Wat wéét jy van haar? Stil net, stil!" Die duif kyk rustig na haar: net 'n duif, dink sy, soos baie ander duiwe. Duif, duiwe, duiwel. *Duiwel!*

Miskien was die kind tog normaal.

En miskien ook nie. Daarom het jy besluit om die aborsie te laat doen.

En sou haar buitendien liefgehad het. Sy het die reg gehad op haar lewe.

Sou sy jou bedank het vir 'n gestremde lewe?

Daardie dokter moes my weggestuur het, terug na die hoop en geloof wat by my skrik nie wou bykom nie! Hy móés! O, ek wil my kind hê!

Miskien het jy tóg reg besluit, en die dokter ook.

Wat is reg, wat is sonde? Duiwel!

Die ring om die duif se nek is swart. Sy keeltjie swel soos hy roep en smaal: dood-dood-dood!

Soveel klein wit sterftes. Een-en-twintigduisend jaarliks in dié land alleen, en dis maar die onwettiges. Nie een van hulle mismaak nie, net ongewens. Wat maak een daarby dan tog saak, en dan een wat waarskynlik nie normaal sou gewees het nie? Een-en-twintigduisend en een daarby . . . en miljoene in ander lande: watter saak kan dit tog maak? Watter sonde is dit dan?

Maar dié kind: dit sou háre gewees het!

Toe die duif weer roep, gryp sy na hom met wilde hande. Hy ontwyk haar, glip by die deurtjie uit en vlieg weg.

„Hy is weg." Jan-Bert kom, en sy sê byna triomfantlik: „Sien jy? Hy is weg, hy kan nie meer lag nie."

„Dit was Nelis se duif . . ."

„Hy het met my gespot!" Sy weet hy verstaan nie: hoe kan hy? Die kind was vir hom nog geen werklikheid nie.

Nelis kom van die skool af, sy vertel hom van die duif. Met wye, seer oë kyk hy na haar; onder die sproete is sy gesiggie bleek. Hý verstaan ook nie, dink Renate. En sy dink: as Nelis nie die siekte gekry en my aangesteek het nie, het ek nog my dogtertjie gehad. En hy het sy duif gehad.

In die middag staan sy by 'n venster en kyk hoe Nelis by sy leë hokkie ronddwaal. Sy verdriet raak haar nie: sy moet haar eie dra. Met haar hande oor haar leë buik staan sy lank roerloos en staar na die witheid van haar verlies.

En die somer skuifel verby, stuk vir stuk, en dit word herfs. Ook die herfs is wit.

Die winter kom: lang, dooie maande. Sy tel die maande. Vyf maande sou dit nou gewees het op dié reëndag. Ses, nou in die leë kern van die winter. Hoe baldadig sou die kind reeds in haar beweeg het as sy toegelaat was om te lewe! 'n Donker dogtertjie; 'n ligtekopmeisietjie . . . ?

Al wat tussen haar en Jan-Bert oorbly in dié maande is die yl wete dat hulle vroeër tog gelukkig was. Nooit praat sy oor die twis van stemme in haar en oor die vlae van waansinnige verlange en verdriet nie. Hy verwys ook nie daarna nie. Maar dit lê soos wit mis tussen hulle.

Nelis gaan skool toe en kom terug. Sy gee hom kos en help hom met huiswerk; sy wag dat hy buitentoe gaan om te speel sodat sy van hom ontslae kan wees. Hý met sy bont gesig en swelsels agter die ore! In die aande as hy bed toe gaan skakel sy haastig die lig af sonder om hom eers te soen: dáárvoor is hy nou tog al te groot?

Teen Augustus word hy siek aan bronchitis en lê koorsig in die bed, Hulle praat nie veel met mekaar nie: sy koop vir hom 'n radio'tjie sodat hy daarna kan luister terwyl sy elders met iets besig is. Nou, in Augustus, sou dit agt maande gewees het. As die baba nog daar was, sou sy moeisaam beweeg en die lente hartstogtelik tegemoet gedroom het. Die tassie vir hospitaal toe gaan sou gereed gestaan het. En voor haar bed: die ligroos wiegie.

Miskien was dit nie eens 'n dogtertjie nie.

Dit was my kind!

En moontlik was sy/hy blind, of doof, of vertraag.

Ek wil, wil, wil my kind hê!

'n Maatjie van Nelis kom op 'n middag kuier; hy bring 'n kardoes saam. „Lagduiwe, tannie," sê hy. „Ou Nelis is mos so erg oor hulle."

„Gee," sê sy gejaagd, „gee hier. Ek . . . sal hulle gaan besorg." En sy neem die kardoes buitentoe en laat die lagduiwe wegvlieg; hulle wring die lug in asof hulle probeer ontslae raak van die ringe om hul nekke.

Nelis word weer sieker. Hy vra nie na die duiwe nie, al moes hy tog van hulle geweet het; sy maer gesiggie bly weggekeer as sy in die kamer kom. In die nag, as hy hoes, gaan gee Jan-Bert vir hom iets. Sy lê en luister: na sy gehoes, na die wind buite. Die wind waai dwarsdeur haar leë liggaam.

Uiteindelik word Nelis tóg gesond en gaan terug skool toe. Die wind raak stil; die eerste spatsels groen spring tussen die bome en gras in; oral is ligroos bloeisels. Lente.

Nege maande.

Die nag in September kom toe sy weet: vannag kon die pyne begin het. Ekstase by die wete daarvan, en méér pyn totdat sy Jan-Bert se arm moet vasklou — „Hoekom klou jy aan my arm?" vra Jan-Bert. Sodat sy hom verskrik los en eenkant gaan lê waar haar waansinnige verdriet nie tot by hóm ook kan kolk nie. Hy sê: „Renate . . .", maar sy antwoord nie.

Later slaap Jan-Bert weer. Alles is stil: die wind, alle duiwe. Net haar duiwels gil.

Dit word weer lig. Nou sou alles verby gewees het; sy sou tussen wit gordyne gelê het, versadig aan pyn en vreugde, met haar dogter se donker (ligte) koppie teen haar arm. Geluk, Renate. Geluk, mevroutjie. Geluk, Mamma.

Naas God, dank aan dokter en verspleegsters . . .

„My toebroodjies," sê Nelis vir die tweede keer half verskonend, en sy skreeu: „Toebroodjies! Kan jy in hemelsnaam nog nie self toebroodjies maak nie, jy's tog geen baba meer nie! Nie 'n baba nie, nooit nooit weer 'n baba geen baba ooit weer nie!" En hardloop van hom weg en gaan staan voor die kamervenster vanwaar sy die leë duiwehok kan sien, en dink: Nee, dit kan nie voortgaan nie. Ek móét weer God-God speel, dié keer met my eie lewe. Wat anders?

Sy maak alles aan kant, eers. Sy groet elke kamer waarin sy tog gewoon het saam met Jan-Bert en Nelis. Daar is berusting in haar bewegings, want straks hou alles of en dryf sy êrens heen weg, lig soos 'n jong foetus.

In Nelis se kamer, toe sy daar ook nog die een en ander gaan regskud, kry sy die nota. Kleinstukkie wit papier uit 'n skoolboek geskeur; skewe kinderletters groot oor die stukkie wit papier: „Ek gaan weg."

Die letters, swart soos ringe om duiwenekke, val deur haar stiltes sodat sy eindelik weet: Maar ek het Nelis óók verloor, willens en wetens deur die laaste maande heen en so finaal soos hierdie ander kind wat verwyder is! Nee, nee, dit kan nie, sy het dit nie bedoel nie, dit kán nie! Sproetgesigseuntjie en die uitslag is weg en dit maak ook nie saak nie en daar is geen swelsels by die ore nie en sy wil hom terughê net terughê en nie meer God-God speel nie — Ag God, ag God, nóú voel ek weer die stromende, dwingende lewe wat ís en wat eis: hy is my kind, my seun.

Sy hardloop die voorjaar in. „Kom terug, Nelis! Nelis, waar is jy, jy moenie weggaan nie, jy moet my help! Ek wil óók terugkom, Nelis! Nelis, kom terug! Kom . . . kóm . . . *Kom!*

Aanhoudend roep sy. Roep en roep. Die stem van die lagduif tuimel huilend by haar lippe verby.

A. Kloppers

Hiaat I

Here, U't met hom gemors . . .
na soveel jaar . . .
is U tevrede met sy smal gesig
die bleek intaglio
sy môres intermezzo stom
in één
één
eendersheid
sy naam:
'n nom de plume

Ontwar uit hierdie nag
één oomblik
diafane duister
vervul vóór hy vertrek
dié heilige hiaat
met U teenwoordigheid.

Hiaat II

Daglank vind ek nog
vreemde stiltes
tussen bekende woorde
in naklank huiwer
talm klanke:
tussen a en o
'n gaping
duisel
tussen n en o
net maar die
stilte wat geen
plaasvervanger het

en tussen jou en my
voel ek die klanke
soortgelyk
en tog
apart
daar is gekruisigde
stiltes tussen woorde —
die heiligste hiaat:
Alfa
en
Omega

Eensame

Die bye blom
verby haar venster
die koerduif paar
en broei
die geel memosa
peul . . . . .

snags
paar verlange
met die wind
en elke
dag
die bitter nageboorte van
verdriet.

Muntbus

Numeries
tintel nommers
'n skyf draai
'n drie-minute-muntstuk
— piep —
beset
By watter tiekieboks
het jy
jou hartseer
stil gekry?

Weerklank

Jy moes een
oomblik daardie
skeiding voel
toe jy haar moeë
oorryp liggaam groet . . .

'n trilling in jou
nuwer bloed?

Wie weet hoe
daardie siddering
later eendag
jou hart
se seismograaf
sal skud.

Herfs

Ek onthou
die vreemde geel
van lanings populiere
reënruite
spatsels kappertjies
se rooi
vlekke vleigras
in die goue skemering
en wilgerfraaiings
oor die stroom
se bruin palmiete . . .
nou weet ek
is my somerhart
se vroeër klop
vir goed met ogies herfs
geokuleer
my dae dra
goudbessies sering
my nagte
koper tinteling.

Trompetter

Ek sien hom teen die aand

sy hart bol
rooi uit
in die tenger mondstuk
van 'n tonglose trompet

en koper kelk
sy melodie
rapsodies
sketterend
oor koue verlatenheid
van 'n winterdorp.

Peter Horn

„Die diepte gee haar gewas op"

Paul Celan (1920-1970)

Op 5 Mei verlede jaar het die bekend geword dat Paul Celan in die Seine naby Parys sy dood gesoek het. Die nuus van die dood van 'n man wat baie kritici as een van die grootste digters sedert Rilke, George en Hofmannsthal geag het, het egter skaars deurgedring na buite. Een van sy gedigte, „Die Todesfuge", het in Duitsland algemeen bekend geword:

Swart melk van die vroegte ons drink dit saans
ons drink dit smiddags en in die môre ons drink dit snags
ons drink en drink
ons grawe 'n graf in die lug daar lê mens nie
eng nie . . .

Dit is in die jaar 1945 geskrywe onder die onmiddellike indruk van die konsentrasiekampe waar sy vader en moeder omgekom het.

Die ander gedigte van Celan, 8 bundels tussen 1952 en 1971 word as moeilik beskou; baie van hulle miskien as onontsyferbaar. Die taal van sy gedigte is teen die algemene omgangstaal vyandig. Sy gedigte bou in 'n nuwe taal 'n nuwe wêreld. Soos hy dit in sy gedig „Hüttenfenster" beskrywe het, het Celan om hom versamel wat wêreld is, wat wêreld gebly het:

Die oog, donker:
as hutvenster: Dit versamel
wat wêreld was, wat wêreld gebly het . . .

Maar alhoewel hy hom 1948 in Parys gevestig het, het hy nooit weer 'n tuiste gevind nie. 'n Mens wat eenkeer soos hy aan die dood oorgelewer was, kan nooit weer op die normale vertrou nie. Die verskrikking van die veertiger jare toe hy self in 'n werkkamp van die Nazis was het hom nooit verlaat nie.

Sy digkuns was
iets
— 'n asem? 'n naam?
gaan om in die wees geworde . . .

Daardie iets is so vaag soos die sentrale begrip in die meeste van sy gedigte. Dit is klaarblyklik moeilik vir die digter om die onbepaalde nader te omlyn, maar tog probeer hy om dit te omsluit en om dit altyd meer presies te agterhaal. Dit is amper 'n „Niks", nog nie eers 'n naam nie, 'n asem, maar dit gaan om

dansend, lomp,
die engel se
vlerk, swaar van die onsigbare . . .

In 'n mate is dit die wyse waarop Celan se eie gedigte beweeg, 'n swaar, lomp stap en nog tegelykertyd 'n dans, maar 'n dans onder 'n groot las, Die vlerk van die engel, reeds gebroke onder die las van die „onsigbare", hinder die beweging meer as wat dit dit vleuel, dit dwing hom neer, sodat hy hom nie kan verhef tot 'n bevrydende vlug nie. Maar die vernieling van die digter en die digkuns gaan nog verder as dit: sy voet is gewond en hy is

. . . top —
swaar getrim
van die swart hael, wat
daar ook geval het, in Witebsk

Die woorde „topswaar ge*trim*" uit die taal van die ingenieur val besonder op in die woordgebruik van Celan wat andersins vry is van modernismes, en is te meer skokkend omdat hulle 'n koue en saaklike beskrywing is van die doodskiet van Jode en ander „onwenslike" elemente in die ooste (Witebsk is 'n stad in Rusland). Hierdie „engel" is dus 'n bewuste terugname van die engel van Rilke, van sy „dodelike voëls van die siel", wat verskriklik is, maar na wie die digter nietemin met „gejuig en roem opsing". Celan se engel het deur die swart hael van die oorlog gegaan, hy is nie langer in staat om hom te verhef nie, hy is geskonde, verbreek en verniel. Maar tenspyte daarvan gaan hy

rondom,
soek,
soek onder,
soek bo, ver, soek
met die oë . . .

In hierdie paar woorde is alles bymekaar wat die wonder van hierdie gedig uitmaak die onrus, die ontevredenheid, maar dan tog die hoop onder die diepste hopeloosheid, wat hy teenoor die totale vernietiging en die volkome leegheid stel: die oog, die skeppende orgaan, gaan uit en soek. Reeds in die eerste strofe van die gedig

Die oog, donker:
as 'n hutvenster: Dit versamel
wat wêreld was, wat wêreld bly . . .

verskyn die oog as die onvernietigbare beeld van die menslike gees in die totale vernietiging van die Tweede Wêreldoorlog.

Die simbool van die venster, hier gelykgestel met die oog, is 'n simbool wat dikwels in Celan se gedigte verskyn: dit is die opening van die siel tot die wêreld, waardeur boodskappe van mitiese landskappe en imaginêre beelde in die bewussyn van die mens tree. Hier het dit 'n hutvenster geword. Die huise is verniel, en die mense lewe in die laaste skuiling, 'n hut wat hy self opgerig het. Maar hy probeer om te red wat hy nog kan, uit die wêreld wat ineengestort het:

. . . die wander-
ooste, die
swewende, die
mense-en-jode,
die volk-van-die-wolke, magneties
trek dit, met hartvingers, aan
jou, aarde:
jy kom, jy kom . . .

en dan volg die uitroep:

ons sal woon, woon . . .

en hierdie woon beteken nie net om 'n dak bo sy kop te hê nie, dit beteken ook om in 'n bekende vertroude om-wêreld te lewe. Dit is wel so dat hierdie wêreld vandag nie meer aan die mens gegewe is nie, hy is „sonder 'n tent ook in hierdie tot nou toe ongekende sin en dus op die grieseligste manier in die ope" (Celan). Die mens na die groot katastrofes van ons tyd moet sy wêreld orals soek en wat van nut is om hom versamel, by

. . . soek
met die oog, haal
Alpha Centauri af, Arktur, haal
die straal daartoe, uit die graf

Om te kan eksisteer het die mens gidsbeelde nodig, sterrebeelde, waaraan hy hom kan oriënteer, hy

pluk
'n sterrebeeld saam, wat hy
die mens, nodig het om te woon, hier,
onder mense

Maar omdat hy met mense moet saamlewe, is hierdie gidsbeelde nie net beelde van vrede en hemelse skoonheid nie, — hy het ook tragiese, heroïese, verskriklike herinneringe nodig, waaraan hy hom kan oriënteer— daarom gaan soek hy nie net die verlore paradys (Eden) nie, maar ook na die skrik en ontberinge van die ghetto, en hy vind „bereikbaar, naby en onverlore in die middel van al die verlies het die een ding oorgebly: die taal". En nou wend hy hom tot die taal:

stap
langs die letters en langs die letters se sterflik
onsterflike siel,
hy aan tot aleph en jud en gaan verder

en hy vind in die letters, in die klanke, in die taal die hele wêreld wat verniel is. Dit is seker geen toeval nie, dat die letter aleph soos die sterrenaam Alpha Centauri klink, en dat die letter jud aan die jode-en-mense van die eerste strofe herinner. Daarmee verwys Celan na die sisteem van die Hebreeuse skrif, waarin elke letter naas sy klankwaarde ook nog 'n simboliese betekenis het, wat met die oorspronklike beeldkarakter van die lettertekens saamhang. Aleph bv. was oorspronklik die teken vir die bul (wat ook in die woord „taurus" in Centauri meeklink), en om die rede verwys Aleph na lewenskrag en wilskrag. Beth verwys na die deur, die mond en die tempel en verskyn in Celan se gedig as

Beth — dit is
die huis, waar die tafel staan met
die lig en die lig.

En in hierdie huis, die tempel met die altaar en die lig, is alles teenwoordig, van hier af kan die digter alles rekonstrueer wat ooit wêreld was, want in die tempel is die taal, en die taal

bou hom op, die Dawidskild, laat hom
ontvlam, eenmaal,
laat hom doodgaan.

In die middelpunt van hierdie gedig staan die beweging van taal wat uitgaan en soek, en wat „magneties met die hart se vingers" alles aantrek, wat binne sy bereik kom. Sedert die tyd toe hy gedurende die oorlog uit een van die konsentrasiekampe van die Nazis ontsnap het, was hy op pad op 'n soektog na 'n menslike bestaan. Sy gedigte is die stenografiese rapport van wat hy gevind het, en hulle begelei sy lewe van die eerste sewentien gedigte af, wat in 1948 in die Oostenrykse tydskrif „Plan" verskyn tot na sy dood as sy laaste gedigte „Schneepart", 1971 by Suhrkamp uitgegee word. Agt dun bundels, afgesien van *Der Sand aus den Urnen* wat hy later teruggetrek het: *Mohn und Gedächtnie,* 1952;

Von Schwelle zu Schwelle, 1955; *Sprachgitter,* 1959; *Die Niemandsrose,* 1963; *Atemwende,* 1967; *Fadensonnen,* 1968; *Lichtzwang,* 1970, en *Schneepart,* 1971. Maar elkeen daarvan 'n uitstaande gebeurtenis in die geskiedenis van die Duitse letterkunde. En daar was en is 'n toenemende aantal kritici wat die betekenis van hierdie werk wel verstaan. Daar was pryse, die Ehrengabe des Kulturkreises, die Literaturpreis der Freien Hansestadt Bremen, die Georg-Büchner-Preis, en die Literaturpreis des Landes Nordrhein-Westphalen. Daar is proefskrifte en boeke oor hom geskrywe en die lys van sekundêre-literatuur het hy by sy dood reeds sewentien gedrukte bladsye beslaan in Dietlind Meineke se boek „Über Paul Celan". Maar geen van die Duitssprekende lande het dit goed gedink om aan hierdie grootste Duitssprekende digter sedert 1945 'n bestaan binne sy grense te bied nie. En toe hy 1970 sy dood in die Seine gesoek het, het die Duitse televisiediens die nuus van sy dood in een sin afgemaak. Nou dat hy dood is sal hy miskien 'n kans hê om erken te word vir wat hy was.

N. A. Liebenberg

NAAKTE MAN

Vanoggend
het hy met sekerheid
sy kantoordeur gesluit
laaie toe gestoot
en lêers weggepak.

Vergeet om te kyk
na die groot horlosie
waarvan die wysers mekaar rondjaag
om sy lippe teen die lewe te pers
en sy buurman verder te verslaaf.

'n Boek oor reisverhale begin
oor die laaste trekvoëls noord;
om 'n ruit te teken.
teen 'n ruit te teken.

TERWILLE VAN DIE WAARHEID

(vir Kim Ann)

Hiérdie mondskaduwee
moet ek uit die buikholte skud
en met daardie pyn as mes
al die voue van die tong ontbloot.

Jy is nog onbewus dat jy die gras laat huil
dat die kleur van jou oë die lug laat bars
dat jy mense laat verdrink
onder die hangbrug van jou glimlag.

Niks, niks is teen jou gemik
omdat jy nog klein is nie
omdat jy weet agter watter berg,
in watter hoek van die bors die vrede lê.

Maar om die dood kon jy die rus
en die vryheid van wete nie uit my verlos nie
al loop jou gesig die lug storm
kon jy dit wat moes lied word, nie tot vervulling bring.

Daar sal 'n dag kom
wanneer jy sal huil van die kennis
die kennis van die nag,
van die skaduwee in die mond.

Wanneer daar-die pyn soos 'n mes
sal blootlê, die blare van die tong
en jy die nag uit die mond sal uitskud
terwille van die verskande waarheid.

JY WEET DIT NIE

(vir Kleinding)

Jy weet dit nie
dat ons gereis het
deur lande nog skaars gebrandmerk
waar die kokerboom, sluit-oog staan en droom
en die sekretarisvoël stap
met die gang van 'n stadige stroom.

Waar die alwyn beur teen sy eie omgewing
rooi in die grond
en rooi teen die klip
oor 'n vae tyd onvergeetlik
en die maan in die padda se rimpeling
haar bleek gelaat wys soos 'n drenkeling.

SEILFLENTERS

(Maori-wrak, Houtbaai)

Verniet soek jy na 'n nag
na 'n Karoo-ster wat aan die brand sal slaan
wat saggies gebore sal word
uit die stil siter van wind en water

Wat lui die klank wat daar aan jou klok
wat herhaal die oorgehaalde keel van tou en katrol
wat fluister die keelgeluide
wat blindelings vroetel na bo?

Verniet soek jy na die rimpelwang
van die waterson
dis uit jou droewige musiek
dat hierdie klanke kom.

SKEMERTAAL

(vir Kleinding)

Gistermiddag, vir 'n oomblik
was jou oë 'n boek
en ek lees, en ek lees, maar verstaan nie.

Later, vir 'n oomblik
lê jy woorde in my mond
maar die tong, maar die tong raak stom.

So dié aand, in meditasie
word jou liggaam 'n gedig
en die realiteit net 'n grens, 'n gerug.

DIE BOKMAKIERIE

(vir Kim Ann)

Die bokmakierie
fluit my wakker
en sy dartelende liedjie
lê hopie in die tuin se stilte.

Die piet-my-vrou
die roep sy wyfie
en ek voel sy bitter erns aan
hoe hy halfpad gek verlang.

DIT MOET JY WEET

(vir Kim Ann)

Dit moet jy weet, kindjie
om soos 'n rivier verby te gaan
en na die ganse wêreld te kyk
is nie genoeg nie; is om 'n verdrinkte blaar te word,
geanker te staan as jy loop.

Dit moet jy weet
om te kan juig met die liedere van voëls
om te kan sing met die naby stilte van 'n oog se groen
moet jy bedding word kind, die stingel
wat daar beur teen die kors van die grond.

Dit moet jy weet liefling
om teen die lug uit te kan klim
om te wieg op die ritme van 'n mond wat juig
is om singend te kan huil
om die hand van die ganse wêreld te vat as jy loop.

LUGKASTEEL

Dagdroom, mooi droom,
houtskoolsketse is nie genoeg nie,
want die lewe vra tasbaarhede
en jý, jy bly lugkasteel.

Daarom moet jy die straat vat
al kan ek jou 'n naam gee,
want jý sal nooit verby
hierdie grense groei nie.

EINDE NEGENTIEN-SEWENTIG

(vir die Inwoners van Berlyn)

Die oujaar, die oujaar verdeel soos 'n lemoen
gil op sy pleine die noviteit van die nuwe jaar
al kerm hy in sy kelders soos 'n gewonde wiel.

Al dryf hy in die verlater hoeke vas, in vogtige
strate sonder einde, gil die nag dit uit
met skoene met woede, met vergetelheid.

Wit is die wêreld en die stilte staan en bloei
oor 'n muur gestapel van klip; daar is orals
sambrele en gif en 'n pad soos 'n verskriklike spleet.

Maar tussen die telegramme en die nat duiwe
soek ek in die grys oggend na 'n boodskapper,
na 'n brief wat sal lees; dat hierdie nuwe jaar in 'n tamboeryn
bewaar sal word.

Roger Peters

Alleen op de Brug

Als die gekromde snavel van een roofvogel valt de wijsvinger van mijn linkerhand op de toetsen van mijn schrijfmachine terwijl ik dit verhaal aan het typen ben. Naast mij, op de tafel, dood en nutteloos, rust mijn rechtervoorarm. Mijn rechterhand, met de dikke, glazige vingers ligt er, net als het asbakje en de krant. Ik moet zijn aanwezigheid en die van mijn nutteloze been dulden.

Het typen gaat langzaam want ek ben het niet gewoon. Maar schrijven kan ik niet meer. Ik had een jongere vriend kunnen vragen mijn diktaat op te nemen maar wie begrijpt nog mijn gefluister? Slechts in mijn eigen gehoorcellen leven nog de woorden die ek probeer uit te brengen. Mijn vrouw raadde me de, in haar ogen nutteloze inspanning die het schrijven van dit verhaal vergt, af. Doch kan ze begrijpen welk genot het mij verschaft. Een groter genoegen dan ooit het neerpennen van ambtelijke verslagen me verschafte. De aanslagen van de letters op het witte blad zijn een heilzame hartmassage. Bij het eind van elke lijn klinkt het belletjie fijn als de hoogste klok in die beiaard.

Of moet ik schrijven : als de doodsklok want dit verhaal handelt over de dood. Het moet een danklied aan die Dood zijn omdat hij me nog steeds welwillend op die wereld laat. Omdat hij me de tijd liet te triomferen.

Het is een jaar geleden dat die vriendenkring, waarvan ek de eer had bestuurslid te zijn, vergaderde. Ik zie nog het rose babygezicht van de voorzitter wanneer hy, schijnbaar terloops opmerkte dat, ingeval van overlijden van een lid van het bestuur, zekere maatregelen moesten getroffen worden onze vereniging waardig. De vlag moest mee opstappen in de rouwstoet, de prijs van die rouwkrans moest minstens vyfhonderd frank bedragen, bij het grag moest de voorzitter een lijkrede voordragen eenz. Ik begon toen reeds merkbare tekens van verval te vertonen: mijn rechterarm ruste in een lus, mijn stem was zeer zwak, mijn benen konden me amper dragen. Ik woonde de vergadering zeer belangstellend, doch zwijgend bij. Doch, daar ik acht paar ogen zag die mij medelijdend aanstaren, stelde ek de vraag of het treffen van deze maatregelen zo spoedig moest gebeuren. De voorzitter, een boom van een vent, met een geur van gezondheid rond zich, vond moeilijk de woorden die een argument moesten worden:

— De dood staat voor ieders deur, zei hij en hij keek naar mij.
Allen keken se naar mij. De secretaris, met de onervarenheid van zijn vijfentwintig jaar, zei gewichtig:

— Er zijn veel bejaarde mensen in ons bestuur, sommige zijn niet meer zo heel sterk.

Ik werd plots bang, denkend dat anderen meer wisten over mijn ziekte dan ik-zelf en repliceerde roekeloos en wanhopig:

— U doelt op mij. Zie ik er zo slecht uit?

Mijn stem beefde. Ze zwegen allen. Ik hoorde de kachel zoeven. Toen ik, steunend op de arm van mijn vrouw, naar huis slofte, was in mij de doodsvrees gewekt, samen met die haat tegenover acht mensen die mij hadden opgegeven. Het duurde dagen eer ik mij een nieuwe gedachtensfeer had eigen gemaakt. Daarin was de vrees voor de dood de grondtoon maar terzelfdertijd was het mijn innigste wens toch éénmaal te mogen opstappen, naast de omfloerste vlag en toch éénmaal de hoge falsetstem van de voorzitter zijn schamele graf rede te horen stamelen.

Dit geluk werd me beschoren. De eerste, die de deuglijkheid van het nieuwe reglement moest ondergaan, was de secretaris met zijn vogelgezicht. Hij liep in de regen en stierf drie dagen later aan vliegend fleurus, zoals wij het hier noemen. Zijn overlijden koste de kas zeshonderd frank aan bloemen en bier, doch graag had ik ze uit mijn eigen zak betaald omwille van de stille triomf die mijn aan- en zijn afwezigheid mij bezorgde. Ik strompelde achter de baar met een droevig gezicht doch inwendig glunderde ik. De stem van de voorzitter beefde, misschien begon hij ook in de grilligheid van meester dood te geloven. Mocht hij al vrees hebben gekend dan duurde dit niet lang want twee dagen later viste men hem op uit de gierput achter zijn huis. Ik zag hem verdrinken want de achtergevels van onze huizen geven op elkaar uit. Ik zat boven in mijn zetel. Mijn gewone plaats sinds mijn lijf het werk niet meer kan lijden. Ik had reeds gezien hoe het deksel van de gierput openlag en ik zag ook hoe hij, kijkend naar zijn duiven, die boven het hok cirkelden, naar buiten liep, recht naar de put. Ik hoorde de plons. Mischien had ek moeten roepen om hem te verwittigen, maar mijn stem kon zelfs de kat, die voor mijn voeten lag, niet opschrikken. En trouwens, waarom het verbergen nu de haat der mensen mij niet meer deren kan: elke stap die hij zette, van aan zijn achterdeur tot aan de openliggende put, verwachtte mij de kriebelende verwachting die een straatjongen voelen moet wanneer hij ziet hoe de steen, waarmee hij naar een hond mikte, in de goede richting vliegt.

Ik rook de beerlucht door de eikehouten kist heen terwijl ik de lijkwagen volgde. Ik vervulde, also oudste lid van het bestuur, de funktie van voorzitter. Ik mocht naast de vlag lopen en de lijkrede uitfluisteren. Geen mens begreep wat ek zegde. Sommigen dachten dat de zwakte van mijn stem toe te schrijven was aan de ontroering die me overmeesterde maar in werklijkheid was ik blij, omdat ik letterlijk en figuurlijk aan de rand van het graf stond, terwijl zij, die me mijn laaste levenslust hadden afgenomen, erin lagen.

Ik bleef voorlopig voorzitter. Als dusdanig sprak ik nog twee grafreden uit. Ik stelde ze met grote zorg op en de inspiratie kwam gemakkelijk. Misschien, wanneer ik de kracht ertoe bezit, stel ik nog ooit een bundel samen ten gerieve van minder geïnspireerde verenigingsleiders. Ik stond er op zelf mijn reden voor te lezen. Niemand begreep me meer, het gaf niet. Ik las ze voor mijn, niet voor hun genoegen. Naderhand werden ze in het archievenhoek geplakt: „Lijkrede gehouden door die Voorzitter bij het graf van ons betreurd bestuurslid . . ." Daarnaast kwam de foto van de dierbare overledene. Zij hadden niet beseft dat de dood zijn eigen wegen volgt, dat hij lang treiteren kan maar ook vliegensvlug toeslaan.

Het bestuur werd tamelijk metodisch uitgedund: na de voorzitter volgde de penningmeester. Hij had gevit op de hoge uitgaven die een begrafenis vergde, daarom gaven we hem ook de goedkoopste kroon en we dronken, naderhand, geen glas op zijn gezondheid . . . pardon: nagedachtenis. Zijn dood bood ook weinig sensationeels, op een morgen lag hij dood in bed. De volgende aan de beurt was de feestkommissaris. Ik vraag me af waarom juist hij deze titel kreeg: hy was een pezewever van de ergste soort, nooit dronk hij bier en om acht uur precies lag hij in bed. En toch, wat een ironie van het lot, sukkelde hij in het kanaal toen hij beschonken terug kwam van een bruiloft. Vrienden van hem hadden erom gewed of hij drinken zou of niet. Na lang plagen dronk hij een likeurtjie, daarna een cognac. Nieuwen smaken openen nieuwe wegen. Voor hem openden ze de weg naar het graf. Ik bracht hulde aan zijn soberheid.

Die vijfde stierf weer een enigszins natuurlijke dood: een bloedopdrang, het was hem lang aan te zien. Op zijn begrafnis werd veel bier gedronken, hij was brouwer. Het smaakte mij zoet. Nog zoeter smaakte het wanneer ik de restjes van ons bestuur zag samendrummen, alsof zij wisten dat de zeis verder maaien zou. Nu keken ze mij niet meer medelijdend maar vol haat aan. Ze dachten dat ik de dood had uitgekocht.

De zesde was een neef van mijn vrouw. Hij werd vermoord door een onbekende. De lijkrede werd een meesterwerk maar de begrafenis miste

de luister van de voorgaande, mede door de duistere omstandigheden waarin de jongen overleden was.

Zoals een marathonloper die zwijmelend aan het staartjie van die groep, ziet hoe zijn voor-lopers uitgeput langs de rand van de weg neervallen, hoopt dat hij, slechts door vol te houden, de koers zal winnen, zo hoopte ook ik vol te houden en die laatste van ons bestuur te worden. Onze vergaderingen werden een luguber onder-onsje. De stemmen van mijn twee collega's klonken gedempt. Tegen die muur stond het vaandel, met die rouwstrik eraan. Niemand vond het nog nodig die strik te verwijderen. Tenslotte geloofden de twee vrienden ontspanning te vinden in een uitstapje naar Frankryk. Ik las in de krant over het ongeval dat ze daar hadden gehad. Nog voor ze overleden waren was mijn rede gereed. De enige schaduwzijde van hun begrafenis was dat er maar één dienst was. Er werd mij iets ontstolen. De mensen op het voetpad keken mij, arme man die in een invalidenwagentje voortgereden werd, medelijdend na. Ik liet ze met hun medeliden: tenslotte zat ik nog rechtop, voor mij lagen er twee plat.

Het was voorbij. Minder dan een jaar had het geduurd. Ik bleef als een kapitein op een verlaten schip.

Om mijn overwinning officiëel te laten constateren, riep ik de leden in algemene vergadering bijeen. Mijn vrouw sprak hen in mijn plaats toe, mijn stem had haar dienst volbracht. Ze zegde dat ik, gezien mijn gezondheidstoestand, verzaakte aan verdere deelname aan het bestuur. Ze hoopte dat er jonge mensen zouden gevonden worden om het mooi werk van hun voorgangers verder te zetten. Er waren geen kandidaten, zij geloofden dat op de vergadering de zwarte hand rustte. Bij algemene stemmen werd ze ontbonden.

Ik verwacht mijn Vriend en Meester wetend dat bij mijn graf geen rede zal gehouden worden. Het deert mij niet. Ik zal verder, zolang mijn vinger de kracht bezit de toetsen neer te drukken, gefingeerde lijkreden blijven schrijven. Wie kan dit beter dan ik in wiens lichaam leven en dood elkaar broederlijk begroeten?

Louis Malan

Koeplette

BOORWURM

ek voel 'n wêreld om my tril
maar lê nog in die taai groen skil

skugter deur 'n klein spits tuit
loer ek in silwer ruimtes uit . . .

ek boor uit hierdie groen kokon
my tregter oop na twaalfuurson

tot lig en hitte skielik tril . . . .
ek krimp terug . . . en lê weer stil.

LEISTER

kind sit in die donker buite
sien liggies stil brand agter ruite

rondom skitter 'n wêreldstad
met stukkies son in glas gevat

— vuurvliegie wikkel uit die gras
en fladder teen sy oë vas

groen leister flikker deur die nag
klein kind verwilderd op die jag . . .

ERFENIS

met skemer het ek hom sien dwaal
na die leidam, binnelandjie of die kraal

in lamplig, roerloos teen die witkleimuur
lê-sit hy op die riempiesbank en tuur

geslote teen swart ruite
en luister na klein naggeluidjies buite

bruin werkmanshande, grof en groot
vou en bid . . . en breek die fyn wit brood

*

ek sien hom sit as skemer kom
oë moeg — die wit amandel blom —

hy kyk na my wat saans wegdwaal
na die leidam, binnelandjie of die kraal . . .

VREDEDORP

klein ruitjies silwerskoon gewas
sonlig tintel in die glas

kyk uit die klein kombuisie uit . . .
o: sondagmôre liggeel ruit

kyk — al die strate lig en wyd . . .
kyk elke straat oneindigheid

Greta Sauerman

Vrou aan die Hiddekel

Rietbokkies pols in dié see;
dit bring ook al sy riete mee,
om nessies vir sy meeue te bou;
spikkel-eiers van die pou,
trompette van die silwervis
wéét hoe leeg háár lende is.

Bome wentel naaldekokers skiet
diep-blou spikkels in die riet . . .
Hart, jou bruin omfloorsde beeld
word drome van die roer en teelt
van lammers met dof-pienke oë.

O, skone rooihibiskusblom
waaruit dié kleine kloutjies kom;
hul't uitgedoof en afgewei
háár droom, wat in die hutte bly . . .

Vleiloerie, retina, ryp vrug
daar's purper lelies teen die lug;
gemartel skyn, (die rotse brand),
dié wete in atoom en sand
dat grys gebreekte duiwe waai
oor gras en veld; drie maal kraai
klein voëltjies. Skitter strand,
keel en fluit — die bloeisels brand!

Rook die lug — haar vlerke slaan
die krater van 'n óú vulkaan:
in haar are lê haar kind,
doodgestruikel, vasgebind.

Die koedoebul se hoewe bars
madeliefies rooi die klippe knars,
die oë wat die sterre ry,
betrag, haal asem, wikkel-wei . . .

LENTE

Die spikkel-lywe van dolfyne
het warm lentes lewers
  'n orgidieë gemaak . . .
Selonsrose staan biddend,
sybokke galop uit lemoene.
Papies tjirp en madeliefies
het die gekneusde water
besprinkel met siele en met reën.

VOËLTJIE

Piep-godin, die maan sak weg
in diep, bloederige skedes;
die horison is 'n goue perske.
Skulpe, trompette, purper en
donkerblou lê op die nag —
  iguana's wat slaap . . . .
Mý hart heet gaan rus in
          blou anemone;
in fisant met 'n groen kop
        val in my hand . . .
My oë is goue albasters,
my arms rooi vlerke wat
        worstel na die son.
Daar is 'n eend wat val
                in smart:
my hand word 'n klou,
my oog 'n blom —
die nag loop op geel bene.
Dit is kóúd: ek druk 'n
  voëltjie aan my bors

VIOOLTJIE

Sonbesies slaap in my hande
krappe word stil
ek ruik nie meer viooltjies nie!
Rose is bloed — ek druk hul
aan my lippe;
gazelle beef in die sonneblomme.
Kokkewiet, jý sterf in my
keel —

grysblou sysies roer soos
drome
Viooltjies word die hande van
kinders:
klein blink Golgota's, bewend
en donker,
wat leef in die oë van 'n mot.

* * *

Ek sal die hart en die lente
níé meer hoor,
sonder die reën en die suising
van jou asem
oor sargte, koel wit lippe,
die brand van jou mond op
my bors—
niks, as net die syige klanke
van die wind,
en die warmte van jou wang
op die lelies van my borste.

Johannes du Bruyn

Skoonskrif

Die sewe-uurtrein fluit. Ma sprei haar breiwerk voor haar op die kombuistafel oop en kyk weer na die horlosie op die kombuisrak. „Hy's weer laat vanaand." Sy leun vooroor en vou haar hande saam asof sy wil bid. Haar oë volg die skerp, swart punt van my potlood. Ma herken die grys, geruite baadjie. „Is dit hý?" Sy wys na die tekening van die man.

Die man op die fiets is sonder gesig. Onderaan sy ovaalvormige kop is twee swart moesies waaruit krullerige haartjies groei. Ver agter op sy kop is 'n hoedjie met twee tarentaalveertjies in die band. Die pante van sy grys, geruite baadjie wapper agter hom, want die man ry vinnig. Die mense wat in hulle tuine werskaf, hoor die bekende geratel van die bliktrommeltjie agter op die fiets en kyk op om die man te groet. Die man groet nie terug nie. Hy kyk voor hom op die grond, na die groot termiete wat stokkies ronddra.

Aan die einde van die grondpad staan 'n huis met 'n geroeste dak en 'n swart skoorsteen. Die rook trek nie op nie, maar dit draal oor die huis en tuin, sodat 'n mens amper nie die pronkertjieheining kan sien nie.

Ek leun teen die een hekpaal. My kapokhaan en sy twee bruin hennetjies skrop naby my in die los grond onder die appelkoosboom. Die haantjie hoor die geratel van die bliktrommel en waarsku sy hennetjies. Die man sonder gesig ry stadiger en draai by die hek van die huis met die geroeste dak in. Hy sien my by die hekpaal staan en stop. Die man tel my voor by hom op die fiets en ry al met die baksteenpaadjie langs. Die afrikaners wat langs die paadjie staan, kom in die speke van die fietswiele en die geel kroonblare word uitmekaar geruk en oor die paadjie gestrooi. Die plante teenaan die paadjie het nie meer blomme nie; die kaal stingels ratel oor die speke van die fietswiele.

Die man het sy twee groot hande oor myne gevou, sodat dit lyk asof elke paar arms net een groot hand het. Sy hande sweet en ek kan die klammigheid tussen sy vingers sien deurkom. As ek my kop skuins draai, skuur my wang teen sy ken. Ek kan die twee moesies onderaan sy ken duidelik voel.

„Hier's 'n pronkertjie, 'n mooi rooie." Ek steek die rooi blom in die knoopsgat op die lapel van die grys, geruite, baadjie. „Ons het begin met nuwe somme. Langdeling. 'n Mens bring elke keer syfers af. Dis swaar; ek verstaan dit nie."

Die groot hand laat los myne en trek die rem en ons stop by die visdam langs die agterstoep. Die man stoot die fiets op die stoep en gaan die kombuis binne. Ek maak die rek om die bliktrommeltjie los en haal die kosblik uit om die krummels vir die visse te voer. Maar in die kosblik lê die toebroodjies nog netjies toegedraai in waspapier.: Ek sit die kosblik terug in die trommel en gaan die kombuis binne om 'n stukkie brood vir die visse te gaan haal. Ma sit by die kombuistafel en brei. Sy is besig met die een mou van my blou skooltrui. Toe ek die kombuis binnekom, sit sy haar breiwerk op die tafel neer, kyk na die horlosie op die kombuisrak en sê: „Vanaand was hy weer laat." In die broodblik kry ek 'n stukkie brood.

Ek vryf die brood tussen my duim en voorvinger tot krummels en strooi dit op die water en wag dat die twee oranje visse kom vreet. Hulle kom nie. Ek skuif die blare van die waterlelies weg en soek na die visse in die troebel water. Toe ek laag oor die dam buk, ruik ek die stank van die water; ek sien die brommers bokant die water draai. Dan sien ek twee vissie: hulle dryf aan die kant van die water, saamgebind deur groen slymdrade. Hulle is vaalwit en waar die oë moet wees, koek groen brommers.

Ek gooi die stuk brood in die water en gaan weer die kombuis binne. Ma sit in die skemer met die breipenne en speel.

„Die visse is dood."

Ma hou die een mou van die trui in die lug en beskou dit aandagtig. Dan kyk sy weer na die horlosie op die kombuisrak.

„Jou trui is amper klaar. Die pante moet nog net vasgewerk word."

Ek gaan haal my boeksak in die kamer en begin met my huiswerk. Ma steek 'n kers op en sit dit in die middel van die tafel neer. Ek doop my pen in die ink en skryf die datum en die opskrif: SKOONSKRIF, Ek draai die boek effens skuins en begin; ek skryf 'n rytjie MAMMA'S om die M te oefen. Lig op, en donker af. 'n Mens se skrif is 'n portret van jouself, sê Juffrou altyd. As jy lelik skryf, het jy 'n lelike portret. Die kinders wat mooi skryf se hande en naels is ook gewoonlik skoon. Lig op, en donker af. Die een wat die mooiste skryf, kry die goue sterretjie.

Ek laat 'n lyntjie oop en trek 'n streep. Môre gaan Juffrou sê my portret is mooi, want my skrif is netjies. My M's lê mooi skuins; hulle is almal ewe groot.

Die agtuur-trein fluit. Ek haal my tekenboek uit en begin teken. Ek teken 'n man met 'n grys, geruite baadjie op 'n fiets. Die man groet niemand nie. Hy kyk na die termiete. Die man het 'n rooi blom in sy

baadjie se knoopsgat. Ek teken die twee vaal visse wat onderstebo op die water dryf; die slymdrade wat agter hulle tou. Op die groen water lê daar stukkies geel kroonblare van die afrikaners.

Ma bêre die blou trui in 'n plastiese sakkie, skuif haar stoel agteruit en staan op. Sy steek nog 'n kers op en stap kamer toe. Voordat sy die kamerdeur agter haar toetrek, sê sy: „More is jou trui klaar . . ."

Ek kyk na die patrone op my kamerdeur. Die grein van die hout is deurmekaar, nes die slymdrade wat om die visse koek. Ek kyk lank na die deur en ek dink aan die man sonder gesig. Geleidelik neem die grein die vorm aan van 'n oog, 'n neus en 'n ken met twee donker moesies. Die moesies bloei, want die man het hul raak geskeer. Die bloed drup tot onder in die hoek van die deur. Ek blaas die kers dood, maar die gesig bly op die donker deur. Dan draai ek my op my sy.

Môre is my trui klaar.

Môre gaan Juffrou sê my portret is mooi.

Môre gaan ek vir die man 'n gesig teken.

'N DAG WAT NA SWEET RUIK

Ek gooi verniet elke dag die vetterige skottelgoedwater op die druiweboom en die rytjie jakobregops voor die buitegebou; die druiweboom het nog niks verder gegroei nie en die jakobregops hang verlep aan hulle stingels.

Ma sit by die kombuistafel en koerant lees. Skielik hou sy op met lees en wys met 'n rooi vingernael na die gesig van 'n man met 'n sigaret in die hoek van sy mond: „Nee só het jou pa die laaste tyd gelyk. Net so." Ek buk en kyk oor Ma se skouer na die man. Hy het 'n netjiese pak aan en in die een hand dra hy 'n tas. Agter die man staan 'n groot vliegtuig; 'n ry mense klim die trap op en verdwyn in die vliegtuig. Die man is ook op pad na die vliegtuig, maar hy kyk eers 'n slag om na my en Ma. Hy glimlag vriendelik en lyk baie ingenome met die sigaret in sy mond. Onder die prent van die man en die vliegtuig staan daar in groot, swart letters: EK IS IN DIE WOLKE OOR SUPER PANAMA-SIGARETTE.

Ma skeur die prent van die man uit, vou dit netjies op en steek dit in haar voorskootsak. „Maar jou pa het nooit in sy lewe sy voet in 'n vliegtuig gesit nie." Ma haal in sakdoek voor by die hals van haar rok uit en snuit haar neus. Traandruppels dam in die diep voue onder haar oë, vloei oor die rooi en gepoeierde wange en meng met die sweetdruppels op haar ken. Daar swel die druppels al groter, hang 'n rukkie aan die swart moesie onder haar ken en val dan op die tafelblad. Ek kan die fyn druppeltijes teen my hande voel spat.

„Ek kan dit nie meer uithou nie. Die allenigheid vreet my op."

Die sinkdak kraak en dit klink nes die eerste groot druppels van 'n swaar donderbui wat op die dak val. Ek gaan staan by die venster. Ek staan altyd by die venster as dit reën. Maar toe ek die gordyn wegskuif, sien ek net 'n vaal hemel. Sewe bosluisvoëls vlieg laag oor die dorp en verdwyn agter die kliprantjie. In die geroeste windpomp agter die huis koer my duiwe. Hulle sit op die windpomp se platform, waar ek vir hulle neste gemaak het.

Ma vou die koerant op en kom staan langs my. Sy sit haar arm om my skouers. My rug begin gloei en ek kan voel die koue sweetdruppels oor my rug rol.

Die stoom wat uit die kastrolle op die stoof is, vorm druppels teen die ruite. Die werf word wasig. So moes die Paradys eers gelyk het; so moes dit eers gewees het. So groen en so vrugbaar: aan die druiweboom hang donkerpers trosse en die jakobregops blom weelderig. Die buitekamer is nou blou en die wit strepe duiwemis teen die muur het 'n pers skynsel. Die Paradys was groen en mooi, maar daar was geen sonde in die begin nie. Toe kom die sonde en toe kom ook die droogtes en die peste. En ook die dood. So het die ouderling nou die Sondag gesê.

„Jou pa was 'n goeie man; 'n ware Christen, as daar ooit een was," sê Ma en sy begin die vlieë in die kombuis met die vlieëplak doodslaan. Een. Twee. Drie. Vier . . . Nege. Gister was dit elf. Sy krap die dooie vlieë bymekaar en skiet hulle met die plak by die agterdeur uit. Teen die witgekalkte muur is daar nou nog nege vlekke by die ou bruines.

Ma hang die plak teen die muur op. Sy lig die rooi gordyntjie van die wasbak op en voel na die emmer. „Die emmer is vol."

Die draadhandvatsel van die emmer krap die rowe van die ou krapmerke op my been af. Die blou seepwater stort uit die emmer en spoel die bloed van my been af. Ek gooi die skottelgoedwater op die druiweboom en die jakobregops uit en gaan sit die emmer weer onder die wasbak neer.

Toe die duiwe my buite sien, vlieg almal af grond toe. Almal, behalwe die blou mannetjie en die bont wyfie. Toe ek die blou mannetjie hoog in die windpomp hoor pronk, onthou ek skielik; die blou mannetjie en die bont wyfie se kleintjies moet vandag of môre uitkom.

Haastig klim ek teen die leertjie van die windpomp op na die neste bo-op die platform. Ek wonder hoe die kleintjies eendag gaan lyk. Hulle gaan goeie rollers wees, want die blou mannetjie rol byna tot op die grond: die wyfie rol ook nie te sleg nie. Miskien gaan hulle swartpunt vlerke hê met donkerblou spikkels op hulle borse. Miskien sal hulle eendag goed kan vlieg.

Die blou mannetjie sit bo-op die nes. Hy gee halfhartig pad toe ek nader kom. Ek buk om by die nes in te kyk. Die wyfie lig haar een vlerk dreigend op en sy pik na by hand. Versigtig druk ek die wyfie eenkant toe. Dan sien ek hulle: die kleintjies lê langs mekaar in die holte van die nes. Die blou beaarde lyfies beweeg vinnig op en af soos hulle asemheel. Ek steek my hand in die nes en raak aan die een. Sy lyfie is warm. Die kleintjie kry dit reg om sy koppie half op te tel; dan laat sak hy weer stadig sy kop tot op die nes en lê stil.

Ek kom stadig orent. As ek regop op die platform staan, kan ek aan die wolke raak. As ek my hand uitsteek, sal ek die mossies en tortelduiwe kan vang. As ek opkyk, keer niks my nie. Ek kan kyk en kyk en kyk en kyk, todat . . . As ek op die windpomp se platform staan, kan ek by die hemel inkyk. Ek staan op my tone. Nou kan ek die teerpad anderkant die kliprantjie sien. Die pad word al smaller, totdat dit doer ver aan die hemel raak. Die Pad na die Hemel; so staan dit op die teks teen die voorhuismuur.

As daar tog net 'n vliegtuig wil verbyvlieg terwyl ek hier bo staan. Ek sal vir die mense in die vliegtuig met my rooi sakdoek waai. Ek haal my rooi sakdoek uit my broeksak en waai daarmee in die lug, eers stadig en wuiwend, dan al vinniger en vinniger.

Ek ruik sweet.

Ek gaan sit op die kant van die platform en kyk af op die werf. Stofwolke hang laag oor die grond. In die koelte van die druiweboom skrop die hoenders. Ma sit op die stoepmuurtjie. Sy kyk na die hoenders. Dan haal sy 'n stuk papier uit haar voorskootsak, vou dit versigtig oop en sit dit op haar skoot neer. Ma kyk lank na die papier.

Sweetdruppels rol van my rug af, want dis 'n warm dag. Dis 'n stowwerige dag, 'n dag wat na sweet ruik.

Roy Niemann

Drie Herfsgedigte

Wat moet ek vir hom sê as ek hom weer sien?
Moet ek hom vertel
van die blare wat val
van die katte wat paar
van my ma se geval
van die see en die toestande dáár?

Wat moet ek vir hom sê as ek hom weer groet?
Moet ek dan verneem
na sy voëls en sy hond
na sy studies en tennis en skaak
na sy werk en ou wonde
na verwagtende vrouens wat braak?

Wat sál ek vir hom sê as ek hom weer sien?
(Of sal ek bly swyg in dié hoop?)
Van die herfs
en die passie
van siekte en somer en sand
en lewe
en dwelming
en lewe
en dood
en die yskoue ysvlam wat brand?

* * *

Ons ontmoeting is asepties koud
tussen ons waak die sneeuwoestyn
van wit, wit dekens

(maar jy mirage deur droewige geel krisante
jou mond is angeliere
— ou, ou bekende verwante —
tussen die passie van veldblomme
vergroei aan die aarde
en rietsade is woorde
verstrik in ons nuwe stiltes en vrees
in hierdie nag.

In hierdie dagbreek-nag
is jý die pyn, die verlange, die oopoogpyn
wat inloer uit die gange
en uitroep uit my keel.)

en jy vra na my welstand,
maar omdat jou stem
die bitter geur van krisante adem,
oorlaai ek jou met dankies
en kneus angeliere tussen my lippe
en maak groot offervure van rooi tolbos
waarin verdwaalde riete knetter
op hierdie halfuur-winteraand.
Jy sê tot siens en huiwer en wuif:
ek sterf alleen in my sneeuwoestyn
totdat die dokter my opwek
en huis toe stuur met sý wonde,
maar ek dra met my saam die ander wonde
van droefgeel krisante
en rooilip-angeliere
en tolbos
en riete
en jy.

* * *

Durf ek jou vertel dat ek verlang
om droë blare op die sypaadjies kaalvoet te skop
om my hande oor toe blomknoppe uit te bid
om te sing in die bus
om te huil oor 'n gestorwe sywurm?

Durf ek jou vertel dat ek dit waag
om brûe met woorde te bou
om kinders vir jou te skep
uit die eierselle van alleenwees
en hulle dan die wêreld in te stuur na jou toe?

Maar ek slak terug in my eie skulp
om te wees
om te verset teen my eie mure
om te bid en te sing en te huil
in my eie slym
waarheen jy my verguis,
Want Skepper: ek was ek is ek sal wees.

Julia Weigel

As jy nie kom nie

ek is 'n vèr verlate vlakte
iewers op die pad
waarheen ek nie weet nie
waarheen dit nie saak maak nie

tussen die konkrete en die abstrakte
die noorde en die suide
en die vastelande en die seë

gewigloos
leeggeloop
en uitgestort

ek is die enkele skulp
wat uitspoel op 'n vreemde strand
iewers tussen water en lig

die onbekende sateliet
wat rigtingloos wentel
die omstandigheidsgetuienis
is ek: die leë glas, 'n uitgebrande
stompie, die streep deur 'n bladsy

die dowwe kol op 'n blink oppervlakte
ek is die onvoltooide taak
'n loshangende fragment teen die tyd
as jy nie kom nie

ONSEKERHEID

my gedagtes word 'n klanklose opname
van verlange wat òm en om draai
sonder om te registreer
en ek staar in die vérte
sonder om iets te sien
ek luister na die dreunende stilte
sonder om iets te hoor
en ek ontsluit my hart en soek tastend
rond, maar ek kan die spore wat gate trap
deur my wese nie identifiseer nie

Wessel Pretorius

Ons sal jou vang. . . .

ons sal jou vang, ek en my woorde!
kyk hier! moenie meer luister wat ander jou vertel
van rampe wat die aarde oorrompel
— beloftes wat die kosmos versplinter, kettingagtig

nee, sonder jou af, neurie met 'n windharp,
kry 'n hand en 'n voël miskien,
en ry jou perd nakend in die wind

en ons, ons sal op 'n altaar
'n drankie lig op jou skoonheid —
spatsels en vonke oor die veld

en ons sal die vuur in jou vesels aanhits
tot 'n gloeiende knusheid,
en jou slanke lyf offer aan die ewigheid

weens ons brandende liefde vir jou

WOORDE VIR DIE WINDHARP

en skielik, skielik sit sy op die terrasland
van die ongeneeslikes, verlig en vir ewig verblind

en in die klowe, en in die woude
begin haar honde blaf en huil in die wind

in musiek, in lewendig ondergrondse musiek,
word sy opgeraap, op die hande gedra en weggedra

o ek wens daar is vuur op my hande!
om in die duister meer te sien as net te voel

Sarel Smit

Jakkals van Japan

jy was met pyn
aan die
slaap

toe uit mis
en deur
sneeu

die jakkals binne kom

vaal soek ons
van die vrees

jy lê
tot uit jou mond
hy praat

VERBY GISTER

jy was
'n wit hemp vol
wind

toe eendag
het die pad jou
gebring

jy brand
in in stad sonder
kole

Frans Pointl

neem me eindelijk bij de hand
en trek me de wereld in
zeeën raken nog steeds het land
en ik zal alle mensenrassen ontmoeten
en iedereen de vredeskus geven
en in elke kerk, tempel, synagoge
mensen tevergeefs zien geloven

neem me eindelijk bij de hand
trek me de wereld in
ik sta er zo vreselijk naast
en draai niet mee
de stap op de wijzer is groot
van negen tot twaalf is nooit drie uur
maar een menseleven
een tunnel is nooit een donkere buis
maar wijd als een heelal
en jij weet evengoed als ik
dat een kerk op zijn spits staat
het haantje van de toren
draait diep in de grond
met elke stilte mee.

* * *

de geboren moeder
wordt geen herinnering
(met het ongeboren kind
ruggelings in iemands graf)
wie kan zeggen
hoeveel dit embryo leefde
in drie uterus-maanden?

ver voer volledige ontvouwing
reeds diep in de wereld
van de wereld
rottend teloor
in een verwoest huis in aarde-duister
en welke onbekende
ontstak dit kleine licht
dat nimmer buitenshuis kon schijnen?

de geboren moeder
wordt geen herinnering —
die van haar had kunnen dromen
— laten we schrijven over twintig jaar —
heeft zij weerloos onontvouwen meegenomen.

* * *

elke ochtend belt hij
dat doordringend elektrisch lied
ik open de deur
hij is er niet
onder de guillotine
van mijn gammel raam
zie ik een aarzelend verwijderen
in lange bruine jas
te ver
voor welke mijn stap
of roep dan ook

dit missen is zonder begin
  zonder eind
hopelozer dan passing ships
in dikste mist

steeds open ik te laat mijn deur
hij is iemand
want wacht zelfs
geen klein onbedrukt katern
tussen hem en mij
blijft ongezien ongezegd ongeschreven
behalwe dit.

* * *

„Alleen met mezelf diepen we langs zee
of liep tóch ingezien de zeeloper
met ons mee"?

zeeloper

in zijn recthterpols een snee
liep hij 's nachts in zee
klein plekje kleur in het enorme
meteen weggespoeld
eindeloos onderverdeeld
werd het rood uit zijn leven

de kranten schreven
„verdronken novemberzwemmer
's nachts te ver in zee gegaan
verder niets aan de hand
zelfs geen ring
alleen een kleine ketting
met een plaatje
om de hele pols
waarop de letters BJD
maar dat was hij niet"

samen met U...

samen met U zie ik de aarde
veel water zien wij
en als mieren krioelende mensen
op continenten en eilanden
dode mieren vallen in onze handen
weer een oorlog zeggen wij
de dode mieren
eeuwig valle zij
soms valt er 'n mier op onze nagel
ziekte zelfmoord, ouderdom,
maar geen verschil in het krioelen

kijkzegt U
de zeeën worden er ook niet schoner op
ik was mijn handen maar even in God's
wastafel als Hij even niet kijkt

kijk zeg ik
een stip op weg naar de maan
twee mieren in een capsule

God zegt laat ze maar gaan
ze hebben er lang genoeg over gedaan
om die micromilimeter heelal te overbruggen

wij knikken en kijken naar andere planeten
dampig en blauw
sommigen bevolkt met schone wezens
die zelfs niet durven spugen in hun zeeën.

Gerrit Fourie

Lanseloet

En toe het jy mooi weggegaan . . .
dit was net één moment se gril . . .
die goud se glans word aangetaan . . .

Dis iets wat ek nie mooi verstaan:
één oomblik was ek effens kil,
en tóé het jy mooi weggegaan.

Maar net bedek deur lae spaan,
of vreet 'n kouevuur dit stil? —
die goud se gláns word aangetaan.

Die són bly draai nog in sy baan.
Die áárde tol nog om sy spil.
En toe het jý mooi weggegaan . . .

Swart nag kom lê op my die waan
dat niks verdwyn het niks verskil . . .
die góúd se glans word aangetaan.
Teen dagbreek kraai 'n hoenderhaan . . .
en koue lig laat my weer ril:
en toe hét jy mooi weggegaan;
die goud se glans wórd aangetaan.

Ek is nie deurgaans eensaam nie, want jy
bly sit nog soos 'n hartskim hier in my.

En tog (hartstog) is daar die pyn wat wring
en hande vaal tot vaal gelaatgryp dwing.

Dis orals waar my hart terugreis en nog
om redes soek vir hierdie tog (siestog).

AMASONE

Haar bekken dra, vermink, 'n man se tors;
sy trek die boogsnaar terug teen gladde bors;
sy mik om pylpunt in die wit te dryf,
maar mis iets deur met die natuur te mors.

ERINUS

Verlate dwaal sy deur die nag
en los haar spore op die sand
op paaie waar sy vir my wag.

Na werk eers gou 'n bier gaan slag;
my tyd verspil met praat, koerant . . .
verlate dwaal sý deur die nag.

Hoe sy toe na haar man moes smag,
sal ek nie weet nie tot ek land
op paaie waar sy vir my wag.

Uiteindelik gaan slaap, maar sag
die lamp vir my (vir mý) laat brand
(verlate dwaal sy deur die nag) . . .

Te veel, dít, vir één man se klag:
die vlam groei, lei haar dan parmant
op paaie waar sy . . . vir my wag.

Nou, by die aflaai van my vrag,
weet ek daar êrens, anderkant
verlate, dwaal sy deur die nag
op paaie waar sy vir mý wag.

Marie Viljoen

every man decideth
the Way his soul shall go . . .
J. Oxenham.

jy't
gesterwe
in skreeuende
sterre lawinas
onder
seisoene sneeu

op eensaam
ysspitse
waar koue kranse
wind
alleen met
jou was

waar
jou oë

nog vars
wárm sit
in die klip

jou mond
rooi
vulkaankarliene
blom teen
skoon berge
saad en
sewe
dimensies
lig.

'N DOOP

hy dans
oor my blare
die somerwind

buig en breek
my stam
net bo my buik
en die hartklop
van my kind

so breek
somer oop
ek blom 'n
nuwe lewe

ver van
herfs
hartseer.

OP VLAKKE

maak vir my

'n
kokonnetjie
met jou
hande

kombersie
met jou baard

hou my
teen jou
heupe

en roei
met die ritme
van jou rug

sluit
weg
jou woord:

ek is
nie meer
joune

vannag is
'n nag
se vaart

Dirk van Niekerk

Donker

Die son het net opgekom toe die spieël by Oom Wikus se huis oorkant op die bult begin blits. Pa is op pad na die kraal toe om na die melkery tc gaan kyk, maar toe hy dit sien, draai hy in sy spore om en loop vinnig terug huis toe. Hy neem die klein spieëltjie van Ma se laaikas in hulle slaapkamer en gaan weer na buite. Hy stel die spieëltjie op die regte hoek om die lig terug te kaats en beweeg dit 'n paar keer vorentoe en agtertoe. Oom Wikus se geblits hou dadelik op.

Ma het in die voordeur kom staan.

„Jessie het seker baie sieker geword, of . . . die arme mens."

„Ja," sê Pa. „Ek dink ons moet maar dadelik ry."

Hansie weet dat tant Jessie nie maar net sieker is nie. Sy is dood. Die dood is in die dou wat op die gras skitter en in die gebulk van die koeie by die kraal. Dis in die stemme van die klonkies wat van die stat af oor die veld klink; dis in die geblaf van 'n hond iewers en in die ver geroep van 'n korhaan.

Hy gaan op die kliptrappies by die agterdeur sit en kyk hoe Pa die slinger draai en draai totdat die motor met 'n doef-doef aan die gang kom. Pa klim in en ry tot voor die deur waar Ma vir hom wag.

„Jy moet nou maar liewer by die huis bly, Hansie," sê sy. „Ma het vir jou lekker pap opgeskep en daar is gesmeerde brood — alles op die kombuistafel. Sê ai Mieta moet maar met die wasgoed begin as sy kom."

Ma klim langs Pa in en hulle ry in 'n stofwolk weg. Lank na hulle weg is, lê die reuk van petrol nog op die werf. Ander dae ruik dit lekker want dit laat hom dink aan lang suikerstokkies met pers en rooi strepies en aan Ma se pak kruidenierswaré wat hy altyd kombuis toe moet dra. Nou voel dit soos Sondag wanneer hy nie buite mag speel met die houtploegie en die wieletjies uit die binneste van die ou stukkende roomafskeier nie.

Hy sien die koeie wei-wei afsak van die kraal af na die vlei toe, hulle swart en wit lywe helder teen die groen gras wat tot by hulle knieë kom. In die kalwerhok bulk 'n kalf verlaas, en dan is dit stil.

Hy gaan na die kombuis en eet sommer staan-staan, sulke groot happe om gou klaar te kry, want die stilte in die huis maak hom onrustig. As hy doodstil staan, kan hy die gedrup-drup van die dou in die geute hoor . . . Hy skrik toe ai Mieta haar hand oor die onderdeur steek om die werwel te skuif.

„Môre, kleinbaas. Ek sien die spieël hy blink en die baas en die nooi hulle ry weg. Ek dink seker nooi Jessie sy is baie siek."

„Nooi Jessie is dood, ai Mieta."

„Auk, my basie." Sy buk oor die stoof en begin met die stoofyster daarin krap voordat sy weer 'n stomp hout indruk. Hy voel geruster met ai Mieta by die huis en hy dwaal weg na die kalwerhok waar Blommetjie se kalf in die son lê en slaap. Die kalf kyk met groot oë na hom as hy naderkom.

„Môre, Kleinblommetjie," sê hy. „Jy moet nou 'n naam kry, jong." Maar Kleinblommetjie bly nie soos ander dae lê as hy naderkom nie; hy spring op en gaan onrustig teen die draad staan. Onder in die pad ry oom Piet verby, seker ook op pad na oom Wikus.

„Toemaar, Kleinblom, ek loop weer," sê Hansie met 'n laaste blik op die huis tussen die somber bloekombome. Hy draf huis toe waar ai Mieta by die wasklip besig is. Wit lakens hang helder in die son. Is die Dood wit? Is dit groen soos die gras in die vlei, of is dit soos die blou van die lug?

Nee, die Dood is nie in 'n kleur nie. 'n Mens kan dit net voel. Dis seer soos die gebulk van Blommetjie se kalf in die hok en die gezoem van die bye tussen die blomme in die helder son.

Pa en Ma kom nog by die verste hek aan toe is hy al by hulle.

„Is tant Jessie dood, Ma?" vra hy nog voordat hy die deur oopmaak om in te klim.

„Ja, my kind."

Niemand praat verder nie. By die huis bly hy net om Ma draai. Toe hulle op die stoep koffie drink voordat Pa dorp toe ry om iets vir oom Wikus te gaan koop, vra hy: „Het Pa hulle haar gesien, Pa?"

Pa blaas groot rookdampe uit voordat hy antwoord.

„Ja, seun. Ons het haar gesien."

„Hoe lyk 'n mens wat dood is, Pa?"

„Sy het maar gelyk of sy slaap, Hansie," sê Pa en kyk na Ma.

Ma streel deur sy hare en hy sien die blou van die lug in haar oë. Toe begin hy te huil, totdat hy naderhand op die matjie voor die houtbank aan die slaap raak.

Die volgende dag voordat Pa en Ma weg is vir die begrafnis, begin dik wolke saampak.

„Jy moet maar liewer nie saamgaan nie Hansie," het Pa gesê. Ma het toe net uit die kamer gekom.

„Ai Mieta sal heeldag hier bly, hoor. Speel maar in die huis en kyk

deur die prenteboek . . ." Toe bly sy stil. Sy het seker onthou hoedat tant Jessie eendag die boek uit 'n kas gehaal het toe hulle by haar gaan kuier het. Toe hulle die aand huis toe gaan, het sy die boek aan hom gegee. Haar kinders was al groot en niemand kyk meer daarna nie.

„Nouja, dan ry ons maar," sê Pa. Hansie is bly want hy hou nie daarvan om hulle so in swart klere te sien nie. Hy hardloop kombuis toe waar ai Mieta besig is om te stryk. Hy wag totdat hy die motor hoor dreun voordat hy weer na die stoep gaan vanwaar hy die pad en die huis oorkant kan dophou. Af en toe gaan daar nog 'n motor of 'n perdekar in die pad verby.

Die veraf gedreun van die weer het skielik nadergekom. Toe was daar 'n blits en 'n harde slag. Hy vlug by die deur in en voel hoe sy hart in sy keel klop. Daar is al hoeveel mense en diere deur die weer doodgeslaan. Hy het verlede Saterdag by die vendusie oom Piet hoor vertel van twee plaasvolk . . .

Die Dood wink in die wit strale en die dreigende gegrom is al hier om die huis. Die swaar druppels begin op die dak dreun en uit die donker hoekie waar hy wegkruip, sien hy ai Mieta binnekom om die vensters toe te maak.

Die storm is lankal uitgewoed voordat hy na buite gaan. Net toe hy by die deur uitkom, kom Ma daar aan saam met oom Piet-hulle.

Sy vertel hoedat die water die graf oorstroom het en hulle toe maar net die diens gehou het. Pa en 'n paar ander mans het agtergebly om Oom Wikus te help.

Die reën is verby. Die son het skielik deurgebreek en skyn oor die blink water in die vlei.

„'n Lieflike bui reën," sê oom Piet toe hy groet.

Hy vergeet van die huis tussen die bome en hardloop weer na Kleinblommetjie wat beteuterd onder 'n boom staan. Later kom outa Daiel en sy seun om te melk en hy sit op die kraalmuur en luister na die sjirtssjirts van die melk in die emmers.

As dit skemer word, loop hy saam met hulle huis toe. Toe bulk Blommetjie in die kraal en haar kalfie antwoord weemoedig. Hy kyk weer na die huis. Onder die bome 'n entjie daarvandaan beweeg lanterns heen en weer. Hy gaan staan stil om te kyk sonder dat hy dit weet. Hy sien af en toe hoedat iemand voor die ligte verbyloop, totdat dit na 'n ruk uitgedoof word.

Die Dood is in die donker, hy kan dit voel. Dit is die donker self . . .

Toe hardloop hy huis toe en kruip langs die stoof in waar Ma met die aandete besig is.

„Kry jy koud, my kind?" vra sy.

Toe hy wil antwoord, klap sy tande so op mekaar dat hy nie kan praat nie.

Casper Schmidt

Ballade van die Oorweldiging

Maart het ons op 'n eiland vasgepen,
in doldrums tussen duine, en 'n eilandson
het ons mettertyd gesweis
in 'n maandelange orgasme en herfs,
in liggame dobberend op 'n dun warm see,
ekstaties drywend, drywend, drywend.

Toe ek jou die heel eerste maal sien
was jy staties, was jy ruim en donker,
net 'n glimlag, en oë, en baie smal tande
agter die dun glasuur van 'n kafeevenster.
  En ek dog: watter nimlike flitsbeeld.
Toe huisves jou bruin oë: skielik 'n see,
brei jou pupille uit
in rimpelinge tot 'n getyelose slap see
waarin ek ingetrek, beklem word, dieper waad,
verdrink en gestoor word in diep spelonke.

Nou is daar geweldige beweging:
draai en swaai ons weergalmend luidrugtig
oor die afstande heen op tamaai golfrûe
na trae middelpunte van 'n hemelruim
  daar ontmoet ons soos woedende brons gode,
arms uitgestrek en opgehef na die hemel
histeries van ingehoue asem
elke keer tot 'n verduistering dreig en nader,
magtig weergalm, weg-eb en dan terug-eggo.

Ek sluip stil en op trefsagte tone
deur die nag spioenerend na jou toe aan,
ontdek jou waar jy slaap soos 'n stad,
'n paradys ingebou tussen ringmure.
  Ek word 'n handvol wat 'n vesting oorrompel
(‚enkel soldaat' teen ‚onverbiddelike stad')
in die skutmure van die slaap,
en jy het gedraai, en geril, geril en intiem
wakkergeword soos aardbewings wakkerword.

Toe ontplooi daar deur misvlae heen
'n skielike spontane landskap. Nakend
en bibberend tree ons ons af langs grot en woud,
gaan nogeens kelders van 'n nuwe wêreld in:
hier sak die klimaat in 'n tropiese storm
om ons, ons word ingesuig in 'n sikloon
en ons oë toegeklap deur die hael;
donderslae begin dreun, hamer en dreun,
aarskokke flikker en maak in ons ore amok.
En jy, wat jou gesluit het teen die lig,
begin jou musiek uitstuur op vioolvlerke,
musiek onsigbaar teer wat met rondkaats
en tot skerwens die newelige sfere vul.
Te midde van opwelling en verbrokkeling,
van vulkaniese uitbarstings en aardbewings
oorleef ons dié skuiwende eeu.
En toe ons later ontwaak het die ewolusie
van 'n miljoen jaar alleen bouvalle gelaat
onvrugbare oorblyfsels murasies en ruïnes
om ons te herinner aan die onseker begin.

Seesater

Soel is die bries wat waai
deur my tropiese wildernis my woonstel:
warm vogtig waai en met geure en seevoëls
deur my geel palms stoot.
Hier toer ek nagte om
langs vreemde wilde dog vurige kuste
en slaap terwyl bottelpalms hulle blare
wederkerig oor my kwispel.
Kom, vreemde meisie, kom woel
jouself in hierdie gierige ruigtes in
en sluit aan by die swetende groen:
wie wortel skiet langs 'n sanderige strand
gloei skelm tussen wortelboom en knoets,
sink weg in die kokende bos, drink
en spruit haarself uit tot 'n lowerling
in die fyn sensuele ritmes van my palms,
spruit uit in broeibewende goue lower.
Korte mette skik ons oor in gedaantes:
na lowerling word jy briesling, dan liefling,
groeibewend en jags versteek in die groen.
Ek is 'n seesater en jy is my loerliefling!

Dood (Gewoon)

Aletta Lubbe

Telkens wanneer ons deur die stadsverkeer „met hoofligte aan" in 'n stoet ry, dink ek aan die dorpie waar ek grootgeword het, waar ons nie lank gelede nie 'n pa moes „gaan bêre".

Die dorpie het nie voldoende geriewe nie en die ondernemer moes die oorskot na 'n groterige buurdorp neem en vir die begrafnis weer terugbring.

Ons wag voor die klipkerk onder 'n koelteboom. Op die afgespreekte tyd arriveer die lykswa. 'n Fyn lagie stof bedek die glansende swart voertuig.

Dit is winter. En droogte.

Die lug is vaal.

Die grond is vaal.

Die veld is vaal.

Die wind is vaal.

Die sipresse is vaal.

Die blomme is van harde plastiek. Vars blomme is onverkrygbaar. Een enkele orgidee het 'n stukkie van die gesoftistikeerdheid van die stad saam met die ver kinders gebring.

Maar die harte is ruim.

Die kerkgebou is ruim.

Die kerkhof is ruim.

Die graf is ruim.

Die vaal sipresse is hoog.

En met die instap deur die hek van die kerkhof volg jy verder die gang van die dekades — ry vir ry. Met die terugkom by die motors, plaas 'n tannie met 'n moederlike boesem in 'n tuisgebreide streeptrui, 'n groot blik boerbeskuit in my arms.

„Gee vir jou ma, kind. Haar huis is seker vol mense." Ek staan stil want ek kan niks sien nie.

„Gee vir my, ek sal die beskuit in Tannie se motor gaan sit," sê 'n jong seunstem wat net begin breek.

Hoe ouer 'n mens word, hoe meer begrafnisse woon jy by, hoe meer gelate en toegeeflik teenoor die dood word jy, hoe meer besef jy die on-

vermydelike einde van die vlees kom gewis. Vir die jonger mense is die dood dikwels iets wat vér en onwerklik is, 'n neerdrukkende onderwerp waaroor mens nie praat en skryf nie.

En tog, veral in die stad waar begrafnishou 'n daaglikse verskynsel is, is die dood alledaags, gewoon — doodgewoon. Vir 'n rukkie heers daar in die betrokke kring 'n geskoktheid, is daar tydelike stilstand. En die ondernemers ken hul werk. Elke formaliteit verloop seepglad. Dit lyk so maklik om iemand te begrawe. En van die oomblik dat hy uit die lewe na die ewigheid oorstap, het jy ook op die liggaam van jou dierbare geen houvas meer nie. Hy word uitgelê, weggestoot, oorgeneem. Familie en vriend neem 'n paar uur af vir die diens en teraardebestelling. Die begraafplase — die benaming kerkhowe pas vir my net nie meer waar begraafplase dikwels tot 20 kilometer van die kerk af geleë is nie — bars uit hul nate en raak gou vol.

In breë verband word niemand lank gemis nie. Die harde strate van die lewe wys geen spore nie en die dagblaaie plaas die klein kennisgewing en/of berig ooreenkomstig die belangrikheid of bekendheid van die oorledene. En die lewe gaan voort soos elke dag tevore. En namate alle spore van verwelkte blomme en van menslike eerbetoon verdwyn, neem eensaamheid en gemis in engere kring toe.

En trane by die begrafnis begin mos ook so half uit die mode raak. Daarvoor het ons apteke 'n verskeidenheid kalmeermiddels wat 'n mens help om die hele optog stil en uitdrukkingloos soos 'n slaapwandelaar deur te gaan. Maar die láter . . die láter kom pynlik, nugter en swart. Ek glo om trane te stort is tog nie altyd „om te treur soos hulle wat geen hoop het" nie. Trane kan 'n seën wees, 'n veiligheidsklep, 'n kuur tot genesing, tot aanvaarding, tot rus. Trane beteken nie gekerm en uitroepe en gejammer nie. Gesonde trane is normaal.

Namate 'n mens geestelik groei, aanvaar jy die meer begrafnisse as 'n poort tot oorgang, as die begin van 'n nuwe meer as die afsluiting van 'n ou lewe. Elke keer bring dit nuwe rypheid mee, 'n breër blik op die eindpunt van die *hier* en die begin van die *hierna*.

Vandag wil ons alles altyd fleurig en keurig in die beste voue lê. Ons skram weg van die kleurlose, die sombere, die neerdrukkende. Tog is die dood soos geboorte deel van elke dag, hy is onontkombaar resent. 'n Eeu gelede, gister, vandag en môre bly hy deel van aardse bestaan soos die opkoms en ondergaan van die son, die kom en gaan van getye. Hy is dóódgewoon. Ons probeer draaie om hom praat, asof hy afskuwelik is — tog kán hy die begin wees van iets veel mooier as dit waarvan geboorte die begin is.

Pieter van Vuuren

Tuis

Tuis
is 'n skim
wat roep met mooi
die bereiking van die deur
vanwaar waterval en groen die son
hadida en swawel en mossie kraanvoël en arend
lank gelede eerste maal bedroom begeer is uit die kamer
met houtkaste en tapyte en stoel en gesigte en slapband Bybel
sewejaartjies op die hekelmatjie pruimbloeisels op die grond ruik van vlei en wit eende onder groen hoogtes
van trotse bloekombome met grillige saadhuisies
grassaad op wag langs die donker walvisrug
swart water in die klipvoetspore
janfiskaal se sprinkaanlyke aan die draad
barste in die wattelpaal

ek maak my met die melkriem vas
en kruisig my teen die doringheining
hoe voel dit om soos liewe jesus te voel?
blink ronde klipper op die wegsteekplek
hou in hom die kosmos vas en wag sonder om te wag
die plek waarheen verlange gaan is ver en hoog en tuis
en tuis is geen skim nie maar die nou
die hen sing haar waarskuwing teen die valk
goue kuikens skuil onder bloedbruin
warm vere teen warm grond
die swart skaduwee jag
die dak is stil
alles wag

in asemlose kring
lug is met bloue hemel oor wilgerboom
oor luisterende lengte van die radiodraad
in die huis roep sirenes en troos 'n ronde stem
berigte van oorloë en tekort aan brood
die windbuks klap maar die valk bly draai —
wanneer was dit
wanneer is dit
tuis?

A. J. J. Visser

Besoeker aan oorlogsmuseum

Bekende gesigte
en ander — net name —
staar donker
uit portretrame . . .
Hul somber gelaatstrekke,
die pangewere teen die muur,
ou koetse,
die foto's van 'n heliograaf,
'n kanonier
roer in hom
iets soos 'n oeravontuur
van 'n safari tentwaens
oor oop vlaktes;
van 'n leeu in 'n bos;
van 'n wit laer
— op die walle van 'n rivier
en 'n donga —
wat veg
teen krioelende swartes
op 'n Sondag . . .

Maar dis alles net tydelik:
Skielik
skuif sy blik uit
by vensterrame
na ander vlakke
wat rooi, asbes en blink
strek
oor duisend dakke . . .

Fanus Bothma

Impasse

kry my lief en skenk my stede
op hierdie barre landskap

verlig die wêreld rondom my
met geboue soos spelde in hul kussing

sodat elke duisternis skraal
en klein word vir die oog

strooi hulme soos teer van paaie
dat dit kiem en uitloop

oor roetes

sodat ons nie weet van ander barre streke
sonder stede nie

Mededelinge van Die Redaksie

Verskoning

Weens verwisseling van drukkers e.a. probleme het die verskyning van Tydskrif vertraag geraak. Ons hoop om die blad binnekort weer op sy normale tyd te laat verskyn.

Medewerkers

Tot ons spyt kan ons medewerkers nie van kritiek bedien nie. Die redaksie kan ook nie lywige boekdele oorweeg vir plasing nie. Medewerkers moet self 'n keuse uit hulle werk doen en dit voorlê vir moontlike plasing. Let verder op hoe die gedigte geplaas word: die skrywersnaam in hoofletters links bo, dan die titel. Dis goeie beleid om baie duidelik aan te toon waar 'n gedig eindig en 'n volgende begin. Party moderne tipografiese eksperimente sonder titels is genoeg om die nugterste redakteur hoofbrekens te besorg.

Indien afgekeurde bydraes terug gestuur moet word, moet medewerkers minstens 'n gefrankeerde koevert wat groot genoeg is, insluit. Bloot die behoefte om darem iets in druk te sien verskyn, is nie genoeg om bydraes aanvaarbaar te maak vir 'n Tydskrif vir Letterkunde nie. Die gedig is nou eenmaal meer as die privaat emosie of die groot en edel motief van die skepper daarvan.

Regstelling

In die vorige uitgawe is die gedigte van Gerrit Fourie geplaas onder die naam Gerrit Viljoen Fourie. Dit spyt die redaksie dat Gerrit Fourie so ongemerk 'n van bygekry het.

Van l.n.r. W. E. G. Louw, J. J. Brits, (Nas. Voors. Afrikaanse Skrywerskring) F. C. Fensham, P. J. Schoeman, tydens die Kongres, April 1971.